Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 15 November 1950 | Prys 3d. | No. 52

# DIT IS NOU DIE TYD VIR DIE REPUBLIEK — DR. VAN ZYL

**Dit was in die jaar 1938 wat ek vir die eerste maal verneem het van die beweging, die Ossewabrandwag, onder leiding van kol. Koos Laas. Ek het verder verneem dat die hoofdoelstelling van die beweging was die verkryging van 'n republiek in Suid-Afrika. Daartoe sou Afrikanerkragte georganiseer word en ingespan word op 'n wyse wat nog nie vantevore in ons vryheidstryd beproef is nie. Die volk sou saamgevoeg word buitekant die politieke party-verband omdat alle poginge om hulle binne party-verband saam te bring, keer op keer skipbreuk gely het. 'n Poging sou aangewend word om die Afrikaner te dissiplineer, hom te help om sy volksliefde in die praktyk uit te lewe, hom te leer sy mede-Afrikaner in die besigheid te ondersteun en die volk also ekonomies sterk te maak, hom deur middel van gesamentlike optrede terug te voer na sy kerk, sy kultuur te ontwikkel en hom in Afrikaner-tradisie te laat groei. Aldus lui 'n boodskap van dr. F. D. du Toit van Zyl, Gebiedsleier van Kaapland, aan die laertrek.**

**Hy gaan voort:**

1938 was 'n tydperk van bittere Afrikaner-volksverdelging. Aan die eenkant het gestaan genl. Hertzog met sy mense en aan die ander kant dr. Malan met sy mense. Die verdeling was des te pynliker omdat dit nasionaal- en republikeinsgesinde Afrikaners was wat in twee kampe teenoor mekaar gestaan het.

Die wekroep van die O.B. het tienduisende Afrikanerharte geraak. Dit het ook tot my deurgedring. Instinkmatig het ek gevoel dat langs die O.B.-weg daar 'n nuwe hoop vir ons volk is. Die entoesiasme waarmee die lede van die O.B. vervul was, is egter gedemp nie weens 'n gebrek aan geloof in die doeltreffendheid van die rigting wat hulle gevolg het nie, nog minder weens die doel waarna hulle gestreef het, maar weens die tweespalt wat daar onder mede-Afrikaners ontstaan het. Die onwilligheid van lede van die O.B. om in 'n stryd met mede-Affikaners gewikkel te wees is dié grootste faktor wat die kragte van die beweging het.

### ALGEMEEN AANVAAR

Dit sal verkeerd wees om daarvan af te lei dat teenswoordige, asook vroeëre lede, van die beweging tans minder glo aan beide die O.B.-rigting en doel. Daar is sommige wie se bene wel onder hul lyf uitgeslaan is deur propaganda soos die oor 'n diktatuur wat die O.B. in die lewe sou roep. **Maar die grootste deel van ons volk weet dat dit bloot propaganda was met 'n doel om die krag van die O.B. te breek. Hulle weet ook — en ek wens dit hier te beklemtoon — dat die aard van die republiek wat die O.B. voorstaan by herhaling duidelik uiteengesit was en dat dit aanneemlik was, en nog is, vir alle nasionaalgesinde Afrikaners. Hulle weet ook dat dit in 1941 deur alle verantwoordelike leidende nasionale Afrikaners verwelkom was as die naaste aan die regeringstelsel van die ou Boere-republieke en dié wat beste aanpas by die aard van die Afrikaner.**

### NOODSAAKLIK

Die gewigtigste en mees praktiese vraagstuk waarmee ons volk vandag te doen het, is nog altyd dié van die Republiek. Alleen wanneer Suid-Afrika in 'n republiek omskep is, kan ons hoop om te reken op die onverdeelde trou van al sy burgers. Alleen wanneer hierdie bron van twis uit ons openbare lewe verwyder is en alle seksies van die bevolking besef dat daarop geen teruggang meer moontlik is nie, alleen dan sal ons volk verenigd staan in diens van Suid-Afrika en alleen dan sal ons wegkom van die sabotasie wat 'n groot deel van ons bevolking, aangemoedig deur 'n deel van ons pers, teen ons land pleeg, en sal die twee dele van die blanke bevolking sonder enige bybedoelings hul kragte aan die opbou van hul land wy.

### NOU DIE TYD

**Die O.B. glo dat dit nou die geleë tyd is om die republiek te verkry.** Op parlementêre

(Vervolg op bladsy 3 kolom 1)

---

**By geleentheid van die Uniale laertrek het mev. dr. F. D. du Toit van Zyl 'n boodskap van haar man voorgedra en ter verduideliking van sy onvermydelike afwesigheid as volg verklaar:**

**My man het my gevra om aan hierdie laertrek sy groete oor te bring en aan u te sê hoe swaar dit vir hom is om nie saam met u te kan wees nie. Ten spyte van alle pogings was dit nie moontlik om hierdie sametrek te hou op 'n tyd wanneer dit vir hom moontlik sou wees om daaraan deel te neem nie. Hy is eksterne eksaminator in die snykunde aan ons Afrikaansmedium Mediese Skool te Pretoria en soos die ongeluk dit wou hê, moet hy juis gedurende hierdie dae eksamens daar waarneem. Hy het my gevra om u te verseker dat hy met sy volle hart hier teenwoordig is. Ook verlang hy dat die boodskap ten opsigte van ons O.B.-taak aan u voorgelê word.**

---

# *Besluite Van Die Laertrek*

## Die Republiek

**Die Ossewabrandwag voel dat 'n nuwe skof op die pad na ons volksbestemming aangebreek het.**

**Die stryd om nasionale erkenning wat in 1912 begin het, is nou suksesvol afgesluit en die volk betree tans die volgende skof wat lei na die volkseie republiek.**

**In 1941 is die grootste republikeinse eenheid bereik op die volgende grondslag:**

**Die staat moet waarlik republikeins vry wees en die duidelike ontwikkelingsrigting van ons volksgeskiedenis erken, asook die noodsaaklike aanpassing van hierdie verlede by moderne omstandighede. Dit moet nie op vreemde model geskoei wees nie, dog gebou wees op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek, aangepas by 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van volksbelange.**

**Die O.B. aanvaar hierdie grondslag as uitgangspunt vir 'n vrye republiek buite die Britse Statebond.**

## Blanke Beskawing

**Die Ossewabrandwag aanvaar die stelling dat die blanke beskawing in Suid-Afrika slegs gehandhaaf kan word deur eventuele territoriale segregasie van die naturelle.**

**Sodanige segregasie moet rekenskap hou met die regmatige aspirasies van die naturel en kan deur die ontwikkeling van die eie naturellegebiede in Suid-Afrika aangepak word en deur die verdeling van Afrika in blanke en nie-blanke gebiede voltooi word.**

**Ten aansien van die Kleurlinge verwelkom die O.B. die Groepsgebiede-wet as 'n stap in die regte rigting en dring aan op die daadwerklike toepassing daarvan.**

---

# VERWATERING EN VERTROEBELING GROOTSTE GEVAAR VIR REPUBLIEK

## *K.G. Verwys Na Grondslag Van Afrikanereenheid*

### *Opening Laertrek*

**Ongeveer duisend afgevaardigdes en belangstellendes het verlede Dinsdagaand die opening van die derde Uniale Laertrek van die Ossewabrandwag in die ruim stadsaal op Bloemfontein bygewoon.**

**In afwesigheid van die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy (as gevolg van die skielike afsterwe van die rektor van die P.U.K.) het prof H. M. van der Westhuysen die vergadering gelei. Die verrigtinge is met skriflesing en gebed geopen deur ds. L. S. van der Walt, en voor die sprekers aan die woord gekom het, is ruikers oorhandig aan mev. dr. Van Rensburg wat verjaar het en die drie vroueleidsters, mevv. Du Toit (Kaapland); Meyer (Vrystaat) en Mostert (Transvaal).**

**Dr. Van Rensburg het verklaar dat die Afrikaners in die oorlogsjare gefrustreerd was. In daardie jare egter het die volk eengeword, rondom die enigste koersgewende drang in die siel van ons volk, nl. die Republikeinse drang. En hierdie eenheid was gebou op die Verklaring Namens Volksorganisasies wat ook as grondslag vir toekomstige eenwording moet dien.**

**Maar ongelukkig het sommige wat destyds die grondslag aanvaar het, dit reeds verwerp.**

**En die swaarste skade wat aan die republikeinse gedagte gedoen kan word, is om dit eers te verkondig en dan te verwater en te vertroebel deur lofliedere te sing op die „republiek binne die Statebond" of die republiek wat net berus op die goewerneur-generaal se titel.**

**Die republikeinse gedagte is onteenseglik nie 'n partykwessie nie en dit moet buitekant die partypolitiek opgelos word.**

**En in die Tweede Wêreldoorlog het die republikeinse gedagte ook 'n ander draer gekry wat nie 'n party is nie — nl. die Ossewabrandwag.**

**Die afgelope oorlogsjare het die Ossewabrandwag geregtig en verplig om te werk vir die republiek — saam met ander as dit moontlik is, alleen as dit nodig is.**

**Dr. Van Rensburg het soos volg gepraat:**

### VERANDERING HET INGETREE

Toe ons laas hier vergader het, in 1946, was die posisie baie anders en dit is nogal treffend om toe en tans te vergelyk. Destyds was daar nog baie van ons kamerade, soldate van die republiek, in die tronk en selfs die kamp te Koffiefontein was nog nie gesluit nie — al was die oorlog lankal verby. **Toe was daar 'n antagonistiese regering aan die hoof van die land en elke nasionaalvoelende Afrikaner was beskou as 'n soort tweederangse burger in sy eie vaderland. Slimkose het gelag oor die magteloosheid van die Afrikaner in Opposisie. Vandag het hul verleer om te lag oor sulke onderwerpe.**

Maar in die oorlogsjare het 'n atmosfeer van frustrasie oor alle nasionale Afrikanerstrewe gehang.

Vandag is die posisie anders. Ons kamerade is uit die tronk en ons vervolgers van destyds is uit die Unie-gebou. En daar is niemand in ons geledere nie wat nie van ganser harte vir hierdie verandering dankbaar voel nie.

### SKYNBARE FRUSTRASIE

Dog ons moet leer om ook die skynbare frustrasie van destyds te beskou as iets wat nie heeltemal onvrugbaar was nie. Mens leer net so veel uit jou nederlae as uit jou oorwinnings — soms heelwat meer — en in elkgeval is daardie jare deel van ons geskiedenis en kan nooit weer uitgewis word nie. Goed of kwaad, gaan hul verder groei en vormend werk op die ontwikkeling van ons volk van môre en oormôre. Want dit is 'n onverbiddelike wet van die natuur dat vandag uit die verlede kom en die toekoms uit vandag. Daarom dat mens vandag so versigtig moet wees wat jy doen. Maar nie net wat jy doen nie . . . ook wat jy laat.

En dit bring my op die saak wat die OB naaste aan die hart lê, naamlik die Republikeinse Gedagte.

### KOERSGEWENDE DRANG

Ons hoef nie op die bitterhede en die onaangenaamhede van daardie oorlogsjare terug te gaan nie. Laat ons volstaan met die gedagte dat daar wel

(Vervolg op bladsy 2 kolom 3)

DIE O.B., WOENSDAG, 15 NOVEMBER 1950

# Die Skof Wat Voorlê

Die pasgehoue Laertrek van die Ossewabrandwag in Bloemfontein het die aandag van die Afrikanervolk pertinent gevestig op die nuwe skof na sy bestemming wat tans aangedurf word. En bowendien het die Laertrek daardie beginsels wat in die nuwe skof verwesenlik moet word duidelik onderstreep. Dit is die vernaamste waarde van die Laertrek en dit gee ook historiese betekenis aan die byeenkoms.

### DIE HERTZOG-SKOF

In 1912 het wyle genl. Hertzog die skof ingelui wat tans afgesluit word. En die skof word afgesluit omdat die beginsels waarvoor genl. Hertzog die stryd aangeknoop het tans verwesenlik is. Daar word vandag nie meer getwis oor die uitgangspunt Suid-Afrika Eerste nie; gelyke taalregte vir Engels en Afrikaans word algemeen aanvaar; en die konstitusionele ontwikkeling binne die Britse Empire en Statebond is enduit gevoer. En dit is omdat hierdie en ander dinge verkry is — en nie omdat 'n klompie verkiesings gewen is nie — dat die Hertzog-skof nou afgesluit word.

Die vraag is nou: Waarheen, Afrikanervolk? En dit is op hierdie vraag wat die Laertrek van die Ossewabrandwag 'n duidelike antwoord gegee het.

### DIE GRONDSLAG

In die eerste instansie verklaar die Ossewabrandwag dat die grondslag van die stryd in die nuwe skof in die oorlogsjare vasgelê is toe al die bestaande Afrikanerleiers en -organisasies hulleself tot 'n omvattende eenheid saamgesnoer het rondom bepaalde beginsels en onderneem het om saam te stry vir die verwesenliking daarvan. Die skof wat voorlê moet uitmond in die verwesenliking van hierdie beginsels en op sy jongste Laertrek het die Ossewabrandwag plegtig onderneem om hom opnuut en geheelenal te wy aan hierdie stryd.

### EENWORDING

Dit is treffend en paslik dat die Hertzog-skof afgesluit word met die naderkoms, en moontlike eenwording, van die politieke partye wat gebore is uit die eertydse Nasionale Party wat genl. Hertzog gestig en gelei het. Die Ossewabrandwag verwelkom die aanstaande eenwording van die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty; en hy aanvaar dit as sy taak om die Afrikanervolk, wat dan sal opgehou het om onderling te twis, voor te gaan op die nuwe skof wat voorlê.

### DIE REPUBLIEK

Voortaan sal die stryd gaan vir die verkryging van die republiek buitekant die Statebond. Die Ossewabrandwag het, by monde van sy leier, in ondubbelsinnige taal verklaar dat hy geen aftakeling van die republikeinse strewe sal duld nie en hoegenaamd nie te vinde is vir 'n republiek binne die Britse Statebond nie. Suid-Afrika het binnekant die raamwerk van die Britse Statebond konstitusioneel ontwikkel tot versadiging-toe. Die volgende ontwikkeling is republiekwording buitekant die Britse Statebond en dit is die logiese einde van die skof wat tans aangebreek het.

### EIE STAATSTELSEL

Die Ossewabrandwag is oortuig daarvan dat elke volk geregtig is op 'n staatstelsel wat saam met sy ontwikkeling as volk gegroei het en wat hom derhalwe die beste aanpas by die tradisies en omstandighede van daardie volk. Daarom streef die beweging na 'n inheemse stelsel, wat in swang was in die Kruger- en Steyn-republieke en wat aangepas moet word by die komplekse eise wat 'n moderne staat stel. Dit beteken dat die Ossewabrandwag nie alleen strewe na 'n vrye republiek nie, maar baie uitdruklike ideale koester ten aansien van die inhoud van daardie republiek.

### LEWENSKRAGTIGE VOLKSTATE

Bowendien is die Ossewabrandwag bewus daarvan dat die nuwe skof wat die Afrikanervolk moet aanpak saamval met 'n nuwe skof wat vir die Westerse volkefamilie voorlê. Die mensdom wag op die wapenbotsing tussen die kapitalisme en die kommunisme en die Ossewabrandwag glo dat in hierdie botsing albei deelnemers vernietig gaan word en dat uit die puin van die botsing lewenskragtige volkstate gaan verrys.

Wanneer die Ossewabrandwag derhalwe die toekoms betrag, hou hy deeglik rekening met hierdie verwagte ontwikkeling.

# Die Koers Na Eenheid

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

ook iets goeds in geskuil het. Soos die Engelse spreuk lui: „It's an ill wind that blows nobody good." **En as u my vra wat dan goeds daar in was sal ek sekerlik moet antwoord dat ons gevind het, in daardie jare van tronk en kamp en vervolging, dat daar een koersgewende drang in die siel van hierdie volk is wat elke maal die Afrikaner kan besiel om selfs deur die swaarste verydeling heen te kom.** Dit was so met ons grootvaders en ons vaders; en die oorlog het bewys dat dit ook so is met ons. **En daaruit lei ek af dat daarin lê die wortel van ons volk se bestaan. Solank daardie wortel gevoed en bewaar word, bly die veerkrag van die Afrikanerdom ongeskonde, wat die uiterlike omstandighede ook mog wees. En as daardie wortel verswak of afgekap word . . . nou ja, dan is die een anker wat ons in die stroom van wisselende gebeurlikhede red, verlore. En die volkskip tesame met die anker!**

### DIE EENHEIDSTREWE

Sonder om te veel tyd te neem met 'n herhaling van die onbenydenswaardige en selfs vernederende posisie waarin die nasionaalgeoriënteerde Afrikanerdom in die eerste oorlogsjare verkeer het . . . vervolging, bespotting, onderlinge twiste — die skandelike behandeling van ons land se grootste seun, Generaal Hertzog — en sulke dinge meer . . . wil ek iets onderstreep wat op die kredietkant van die tyd gestaan het: **die Eenheidstrewe van 1941.** Dat ons grootste heil in eenheid lê hoef ek nie te beklemtoon . . . dit is 'n vanselfsprekendheid. En dat ons ook vandag, sover ons nie siende blind is nie, na eenheid moet strewe weet elkeen ook.

**En daarom is dit 'n seën dat ons destyds — al was dit nie honderdpersent nie en al het dit nie sonder verdere verdeeldheid gebly nie, tog eenheid bereik het. Want dit was 'n duidelike vingerwysing, op welke koers eenheid bereik kan word. En as dit destyds, in die uur van nood, waar mooiweersvriende ver van ons gestaan het en elke Afrikanerhart elke ander Afrikanerhart gesoek het omdat een gemeenskaplike lot almal bedreig het . . . as dit destyds die koers was dan is dit vandag sekerlik geen afwyking van die ware koers nie. Want daar lê die sterke wortels van ons krag . . . daar en nie elders nie.**

### ENIGSTE INHEEMSE POLITIEKE GEDAGTE

Wat was daardie koers?

Veroorloof my om u herinnering weereens kortliks te verfris deur 'n verwysing na die **„Verklaring namens Volksorganisasies"** wat vandag deur baie vergeet is en deur baie andere in die doofpot gestop wil word. Die sterkste Afrikaner-Volksorganisasies wat ons destyds geken het . . . die HNP, die OB, die RDB, die F.A.K., die Ekonomiese Instituut en verskeie vooraanstaande kerkmanne in hul persoonlike hoedanighede het daardie „Verklaring" met hul naamtekeninge aanvaar en bevestig. **Dan moet daar tog iets werkliks saamsnoerends in gesit het. Wat was daardie iets? Dit was die enigste inheemse politieke gedagte van hierdie volk . . . die Republikeinse Gedagte.** Die Republikeinse Gedagte in breë trekke geformuleer en met erkenning van veranderde wêreldomstandighede. Soos die Verklaring gelui het „die Republiek erken die duidelike ontwikkelingsrigting van ons volksgeskiedenis en die noodsaaklike aanpassing van hierdie verlede aan moderne omstandighede . . Dit mag nie op vreemde model geskoei wees nie dog gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republieke en met die nodige aanpassing in die geïdustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange" . . . en so meer. **Op daardie basis het ons almal mekaar gevind en mekaar probeer rugsteun.** Dat dit later weer in onderlinge broedertwis ontaard het strek niemand tot eer nie en ek wil nie fout soek en skuld uitdeel nie . . . laat elkeen maar die hand in eie boesem steek . . . **maar dit doen geen jota of tittel af van die feit dat op hierdie koers kon die Afrikaner homself vind en kan hy homself weer vind.** En ook die feit dat onder die spoorslag van hierdie ideaal ons volk in die verlede bykans alles wat hom krag en moed en besieling vir die toekoms gee gepresteer het. Vanaf die dae van die Groot Trek en Majoeba en die Driejarige Oorlog tot by die Eerste Wêreld-



DR. J. F. J. VAN RENSBURG.

Oorlog en in die jongste verlede die onwrikbare houding van Hendrik van Blerk en Juliaan Visser in die dodesel in 1942.

### DIE VERKLARING ALGEMEEN AANVAAR

Daarom het die Volksorganisasies van destyds (almal waarvan nog bestaan — ook die Ossewabrandwag!) so met oortuiging mekaar op hierdie pad kon vind . . . daarom dat die Ossewabrandwag met soveel taaie volharding op hierdie pad vir geen offers teruggedeins het nie . . . en daarom (so wil ek hoop) dat die leier van die HNP, toe die verklaring en die daaraanverbonde steun hom aangebied is, oor sy handtekening kon verklaar dat „ek aarsel geen oomblik om dit hartlik te aanvaar nie" en verder dat die organisasies versekerd kon wees dat sy aanvaardiging „die hartlike steun en geesdriftige aanvaarding daarvan insluit van sy hele party in die vier provinsies en van die ander leiers daarvan."

**Dit alleen bewys al dat daardie pad van destyds baie naby aan die kern van ons volkstrewe moes gelê het. En die Verklaring was inderdaad gebaseer op besprekings en 'n republikeinse konsep wat die gesamentlike vrug was van 'n tal van die mees-nasionaalgeoriënteerde manne in ons land. Ek mag byvoeg dat etlike lede van die huidige Kabinet aan die konsep aktief meegewerk het . . . en ek sê dit hul ter ere na.**

**Dit was destyds. En vandag?**

Vandag is die posisie uiterlik wel baie gunstiger vir die nasionaalvoelende Afrikaner — daarna het ek alreeds verwys en daarvoor is ons almal dankbaar.

### VERWELKOM EENWORDING

Ek wil hier namens die Ossewabrandwag betuig dat ons agter hierdie Regering staan en dat ons sekerlik nie eens in 'n nagmerrie wil terugverlang na die bontspul van die oorlogsjare wat net een oplossing vir Afrikaner-nasionalisme had . . . die Interneringskamp, en net een koers in elke krisis . . . die Empire-koers. Ons is dankbaar dat ons hierdie Regering aan bewind het en nie die vorige nie; en ons staan agter hierdie Regering. Baie van ons wat vandag hier is, is dan ook aktiewe lede van een van die twee partye wat gesamentlik die land regeer **en ons beskou die lede van die ander party nie net as mede-Afrikaners nie dog ook as bondgenote . . . al wil hul al te dikwels ons nie as bondgenote erken nie.** Laat my net op hierdie plek, terwyl ek van die partye praat, sê dat luidens persberigte en voorspellings daar sterk moontlikheid bestaan dat die samewerking tussen die twee nasionaalgesinde partye in die nabye toekoms kan verstewig word tot eenwording. **Die Ossewabrandwag, wat steeds vir die samesnoering van Afrikanerkragte gestaan het en steeds daarvoor te vinde was, sal met blydskap ook hierdie saamsnoering begroet. Ons skep geen behae daarin om Afrikaners vanmekaar te hou nie; ons skep behae daarin om hul bymekaar te bring in enige eenheid waarin elke blanke Afrikaner, afgesien van taal of afkoms, verwelkom word solank hy net een vaderland erken en dit hierdie land, Suid-Afrika.** En juis omdat die konstitusies van die twee partye waarvan ek melding gemaak het vir geen Republikein prinsipieel geslote behoort te wees nie, sien ons met destemeer verwagting uit na eenwording met onderlinge erkenning en respek.

### KOERS MINDER DUIDELIK

Ek kom na die Republikeinse beginsels van die twee partye terug.

**Om te hervat: Destyds, toe die „Verklaring namens Volksorganisasies" met sy fundamenteel Republikeinse koers algemeen aanvaar was, het daar min twyfel bestaan omtrent die pad waarop ons mekaar moet vind. En vandag? Vandag is die koers heelwat minder duidelik.**

Daar is manne van destyds — baie invloedryke en toonaanwende manne — wat liefs oor hierdie onderwerp wil swyg. En as hul noodgedwonge iets moet sê dan praat hul van „'n Republiek binne die Empire" (omtrent soos 'n lam binne die leeu!) of van die baanbrekende voorbeeld van Indië . . . waar ons baie liewer kyk na Ierland. Om die steun van Engelssprekendes te verkry word gesê dat die „dooie verlede moet maar deur die dooies begrawe word" en so meer.

Hierdie gedagtes kom onder andere van die Eerste Minister. Ook het hy in 'n toespraak gesê dat al wat nodig is om 'n Republiek te verkry, is dat ons die titel van die Goewerneur-Generaal moet omskep in die van President en dat ons hom moet kies pleks dat die Koning hom benoem.

### KONSTITUSIONELE FOPSPEEN

In hierdie verband wil die Ossewabrandwag 'n baie ernstige waarskuwende noot laat hoor. Ons het die reg om dit te doen vanweë die swaar lyding wat hierdie Beweging vir hierdie ideaal dwarsdeur die oorlog verduur het. **Ons wil waarsku dat alhoewel geen onderdrukking ooit die Republikeinse Gedagte in die Afrikanerdom sal uitroei nie . . . daarvan getuig selfs die klippe in ons land se geskiedenis . . . daar 'n wesentlike gevaar in skuil as die ideaal deur die eie**

(Vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# Verwelkom Eenwording Van Partye

voorstanders verwater of verwronge word. Ons ken almal die betekenis van 'n fopspeen en ons weet dat dit die maklikste manier is om iets te speen. En die „Republiek-binne-die-Empire" is vir die OB niks beters as 'n konstitusionele fopspeen nie.

In noue en vriendskaplike samewerking met die Statebond — en ook met enige ander vriende — ja seker; maar konstitusionele bande wat ons land aan ander lande bind as iets inherents in ons konstitusie . . . nee, ten enemale nee!

### PERSOONLIKE AANTYGINGS IS EERLOOS

Terwyl ek die Eerste Minister genoem het, veroorloof my om te herinner dat hy persoonlik beide van publieke platforms af en in privaatgesprekke swaar aantygings gemaak het teen my betroubaarheid as Afrikaner en my bona fides teenoor die manne en vrouens wie ek die eer had om deur gevaarvolle jare te lei. **Dit sou menslik** wees om nou, dat sake meer vertroebeld raak aangaande die Republikeinse gedagte, in soortgelyke munt terug te betaal. Maar daardie soort van taktiek doen die volk geen goed nie en strek niemand tot eer nie. En ek wil hier voor u almal verklaar dat ek verkies om, ten spyte van daardie erekrenkinge wat my toegevoeg is, die goede trou van die Eerste Minister en ook van sy kollegas teenoor die nasionale rigting in ons volk te aanvaar en buite bespreking te laat. Van my eie goede trou op daardie gebied is ek Goddank oortuig en dit is vir my 'n riem onder die hart dat die manne en vroue wat hier sit, ten spyte van alle jarelange kwaadstokery, my trou aanvaar en dat die manne wat in die tronkselle en agter die doringdraad gesit het ook vandag nog (by hul Kongres in Pretoria enige weke gelede) my eenpariglik tot hul Ere-President herkies het. En hul oordeel is op daardie gebied by my deurslaggewend, selfs teenoor die van enige Eerste Minister.

### PARTYKONSTITUSIES IS REPUBLIKEINS

Dus, ek neem aan dat die Eerste Minister en sy kollegas dit eerlik bedoel. Ek wil verder gaan en sê dat enige van sy kollegas opelik gesê het nadat hy uit Londen teruggekeer het en gepraat van die moontlikheid en selfs wenslikheid van die „Republiek-binne-die-Empire" of Statebond . . . enige van sy kollegas het daarna gesê dat dit nie hul opvatting van ons doel is nie. Hul wil 'n Republiek wat los van die Kroon is en ongebonde, wat konstitusionele bande betref, aan enige buitelandse staat. Veral mnr. Strydom, meen ek, het hierdie stelling onderskryf en — onder korreksie — ook mnr. Stephan le Roux en mnr. Schoeman. **Ons is dankbaar vir sulke stellingnames en dit moedig ons aan om hierdie Regering te steun.** Ook weet ons dat die konstitusies van albei die Regeringspartye sulke stellings uitdruklik onderskraag. Dat die HNP die Republikeinse gedagte soos geformuleer deur die Volksorganisasies aanvaar het, het ek alreeds gesê. Ook weet ons dat hul Konstitusie dit ten volle regverdig. Wat die Afrikanerparty betref, sy Konstitusie is ewe ondubbelsinnig. Artikel 2(b) verklaar dat: „Die Party is daarvan oortuig dat die Republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en tewens die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot-Brittanje se oorloë gesleep sal word nie.

„Die Party sal hom beywer om alle ongerymdhede wat die volste uitlewing van daardie volksvryheid belemmer, uit die weg te ruim." Dan gaan dit aan om te sê dat die Republiek alleenlik op die breë grondslag van die volkswil en met gelykberegtiging ensomeer tot stand gebring kan word. **Ek het persoonlik daardie Konstitusie onderteken en gaan daarmee heelhartig akkoord.** En dit gee my nog meer vrymoedigheid om vandag hier so te praat.

Maar vandag word andere stemme gehoor as destyds met die „Verklaring van Volksorganisasies"; of altans, waar dit dieselfde stemme is daar sing hul minder nootvas as toe.

### HAVENGA NIE REPUBLIKEIN

Ons het 'n Kabinet waarin daar net een man is (sover ek weet) wat opelik gesê het dat, wat hom betref en as hy vir homself moet praat, 'n republiek vir hom geen groter vryheid kan gee as wat hy vandag op geregtig is en kan opeis nie. Dit is mnr. Havenga. Hy het dit as sy eie persoonlike stelling gegee en ek het alle respek daarvoor dat hy geen doekies omgedraai het nie. Die feit dat hy nege Engelse koeëls gestop het in die selfelose poging om die Republiek destyds te verdedig behoort ook enige mens wat wil fout vind, 'n bietjie die hand in eie boesem te laat steek voor hy te ver gaan. **Maar hy was ook nie betrokke by die aanvaarding van die „Verklaring namens Volksorganisasies" in 1941 en val al derhalwe vir my tot 'n mate buite bestek van hierdie bespreking.**

### VERWATERING EN VERTROEBELING

**Want die punt wat ek veral sterk wil onderstreep is nie net dat die Republikeinse Gedagte kampvegters nodig het nie, ten alle tye nodig het in elke geslag van hierdie volk, maar ook en veral dat die swaarste skade wat aan die Gedagte gedoen kan word, is om dit eers te verkondig en dan, nadat mens die volk gekry het om daaraan te glo en dit te vereer en te verdedig, en om jou met swaar offers te steun, om danterwille van andere en „meer praktiese" konsiderasies — die Gedagte te verwater en te vertroebel deur lofliedere te sing op die „Republiek-binne-die-Statebond" of die Republiek wat berus op die Goewerneur-Generaal se titel.**

**Nee, op die pad van onvervalsde Republikanisme — die Republikanisme wat ons enigste inheemse tradisie is in ons geskiedenis — het die nasionale Afrikanerdom mekaar gevind in die uur van die swaarste nood en laat dit vir ons koersgewend wees selfs wanneer die nood verby is en die mooiweer nuwe vriende bring. Die vriende is welkom, baie welkom, maar nie op koste van die eie geloof nie.**

### DIE ENGELSSPREKENDE MEDEBURGERS

Daar sal natuurlik beweer word dat ons 'n staatsvorm bepleit wat teen die Engelssprekende medeburgers gemik is.

Ek wil met nadruk sê dat dit nie die bedoeling is nie. Ons het deur swaar jare gegaan en gevoelens het dikwels hoog geloop. Die Ossewabrandwag het die spit vir die Republikeinse Afrikanerdom afgebyt in daardie jare en duisende van sy lede moes swaar offers bring — dikwels in die konsentrasiekampe en in die tronkselle. **Nietemin kan ek met dankbaarheid sê dat selfs in daardie bittere jare ek, sover my bewus, nooit myself skuldig gemaak het aan toesprake wat enige eerlike Engelssprekende Afrikaner kon voel as teen sy taal of persoon gemik was nie. Hierdie is geen negatiewe strewe, gerig teen die Engelssprekende Afrikaner nie; dit is positief en gerig op die daarstelling van 'n staatsvorm wat elkeen laat voel dat hier 'n nuwe begin is waar elkeen van ons, ook die immigrant wat kom om Suid-Afrika sy enigste vaderland te maak, of een kam geskeer word met een lojaliteit en een doel — verstewiging van die eie vaderland.** Sonder die vertroue en ook aktiewe medewerking van 'n aansienlike deel van die Engelssprekende bevolking sal ons nouliks ons doel kan bereik, en daarom — afgesien van ander goeie redes — het ons niks te wen en baie te verloor deur vyandig op te tree.

**Dus, anti-Engels is ons be-**

(Vervolg op bladsy 4 kolom 3)

## Dr. Van Zyl

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

gebied is daar 'n Afrikanereenheid geskep — en ons verwelkom dit — so groot as wat ons onder omstandighede kan verlang. **Tweedens verkeer die wêreld in so 'n tydperk van internasionale spanning i.v.m. die moontlike koms van 'n derde wêreldoorlog dat dit nie in die belang van enige van die nasies van die Westelike Verbond is om teen Suid-Afrika op te tree en sake vir 'n jong republiek onmoontlik te maak nie.** Hulle het ons grondstowwe, ons voedingstowwe, ons spoorweë en ons strategiese geleë hawens in die komende stryd so broodnodig, dat dit hulle nie sal betaal om ons tans ekonomies seer te maak nie. Derdens bied



Dr. F. D. du T. van Zyl.

Suid-Afrika so 'n wonderlike beleggings-veld vir die kapitaal wat besig is uit Sosialistiese Engeland te vlug dat ons in daardie verband nie oor-angstig hoef te wees nie.

**Dit is dan ons oorwoë mening dat Suid-Afrika tans met minder teëkanting 'n republiek kan word as wat die geval in die volgende na-oorlogse tydperk sal wees.**

Waar die Ossewabrandwag in 'n laertrek vergader om oor sy toekomstaak te beraadslaag moet hierdie republikeinse doelstelling ons rigsnoer wees. **In die eerste plek moet alles gedoen word om die republikeinsgesinde Afrikaner aan die parlementêre front te versterk. Terselfdertyd moet die Ossewabrandwag die volk voorgaan in sy stryd om die Republiek. By ons is daar geen sylingse belange nie. Die Republiek is ons taak, ons roeping en ons ideaal. Solank die Republiek nog nie verkry is nie, solank durf ons die stryd nie gewonne gee nie.**


LOUIS OLIVIER

FOTOGRAFIE ★ JOERNALISTIEK ★ REKLAME

Ons het nog van die foto's van die Laertrek te Bloemfontein beskikbaar teen:

£1 kontant met bestelling, 10% word aan die organisasiefonds afgegee.

Bestel dadelik asseblief.
**LOUIS OLIVIER, J.B.S.-Gebou, Bloemfontein.**

Suid-Afrikaanse Spoorweë

**VAKATURES: KONSTABELS: S.A.S.-POLISIEMAG**

Aansoeke van kandidate om aanstelling in bogenoemde vakatures word ingewag.
Applikante moet:—
(1) tussen 18 en 35 jaar oud wees. Applikante onder 21 jaar moet die skriftelike toestemming van hul ouers of voogde verkry om by die Mag aan te sluit;
(2) ongetroud of wewenaars sonder kinders wees;
(3) minstens 5 voet 8 dm. in hulle sokkies staan en 'n borsmaat van 36 dm. hê;
(4) liggaamlik geskik wees vir polisiediens;
(5) (a) Suid-Afrikaanse burgers wees, of
(b) burgers van ander Statebondslande of die Republiek Ierland wees en minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Suksesvolle kandidate moet so spoedig doenlik na hul aanstelling in die Mag, 'n opleidingskursus van ses maande by die Spoorwegkollege, Kroonstad deurmaak.

Die aanvangs- en maksimumloonskale van toepassing op konstabels is onderskeidelik £20/15/- en £33/10/- per maand plus duurtetoeslag volgens die skaal van toepassing op staatsdienare, uniforms, ens.

Voorsiening word ook gemaak vir aantreklike voordele ten opsigte van pensioene, geneeskundige dienste, reisgeriewe en verlof.

Aansoeke met volledige besonderhede van ouderdom, opleiding en ondervinding moet aan die Hoofsuperintendent van Polisie, S.A.S., Nataidgebou, Pleinstraat 14, Johannesburg, of aan die Bevelvoerende Offisiere, Spoorwegpolisie, by die verskeie afdelingskantore, gerig word.

W. HECKROODT, Hoofbestuurder.

**NET 'N PAAR ITEMS**

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle grootes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**
Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

**O.B. JAARGANGE**

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

*VOORRAAD BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. **Vooruitbetaalbaar.** Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**JANSEN—SMITH:** Johannes Jansen, Wag 'n Bietjie, Potfontein, en Johanna Smith, Jacobsdal, maak aan familie en vriende bekend dat ons op 6 November verloof geraak het. 15/11/1B

### DANKBETUIGING

Graag wil ons aan alle vriende en kamerade van wyle Hoofkommandant D. A. Swanepoel bekend maak dat die O.B. gedenksteen wat deur hulle geskenk is, nou opgerig is op sy graf op die plaas Waterval. Sy eggenote en kinders wil langs hierdie weg hul innige dank en waardering betuig aan almal wat bygedra het tot hierdie huldeblyk. 15/11/1B

### BENODIG

Flinke jong boer met vrou vir algemene boerdery. Moet kennis hê van wingerd, pars, tuin, saai en melkery om onmiddellik te begin. Vir besonderhede antwoord O.B. No. 1, Bus 1411, Kaapstad. 15/11/1B

### TE KOOP

Koop gebaalde lusernhooi direk van die produsent teen 6/- per 100. V.o.s. Modderrivierstasie. Minimum 7 ton k.m.b. L. J. Marais, Bus 26, Modderrivierstasie. 1/11/3B

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaad of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat** vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. **Plaas julle** bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vlekIose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**P A R O W**

# Republiek Kry Nuwe Draer

(Vervolg van bladsy 3 kolom 3)

**doeling seer sekerlik nie. Eerder is die verlange om nou eenmaal 'n nuwe begin te maak, waar elkeen van ons afgesien van taal of afkoms gelykop en van dieselfde standpunt uitgaan.**

### EMPIRE SE KLEURBELEID

Ook voel ons dat dit onmoontlik is om as konstitusionele deel van die Statebond, deur die gemeenskaplike Kroon aan die Empire gebonde, die naturellevraagstuk met enige hoop op blywende sukses aan te pak want die Empire in Afrika — veral in die noordelike gebiede — stuur blykbaar doelbewus af op die oorhandiging van die land aan die inboorlinge en dit wakker 'n naturelle-nasionalisme aan wat in die Unie ons pogings om die saak te nader ontsaglik bemoeilik. **Die Afrikabeleid van Britse Regering en die naturellebeleid van die Unie is so lynreg teenoorgesteld dat enige poging om dit binne die raamwerk van 'n konstitusionele samehorigheid aan te pak by voorbaat verydel is.**

En as ek van die verhouding teenoor die naturel, of die nieblanke oor die algemeen praat, laat my een beroep op elkeen van u doen om nooit die erns en die gevaarlike implikasies van hierdie saak uit die oog te verloor nie. Dit is baie maklik om sommige mense se gevoelens teen die naturel op te sweep; om hul te oortuig dat hy 'n vyand is en beveg moet word — terwyl hy een van die land se bates is en deur die Voorsienigheid hier geplaas is net soos ons hier geplaas is. **En as ons nie die swaargeskokte vertroue van die nieblanke tot 'n groot mate kan herstel nie sal ons toekoms, republikeins of nie, op baie gevaarlike fondamente berus.**

### VERTROUE IN BLANKES SE OPREGTHEID

Niemand wat ore het om te hoor en oë het om te sien kan ontken dat die geloof en vertroue van die nie-Blanke in die opregtheid en goeie bedoelinge van die Blanke swaar en byna noodlottig ondermyn is. Ons weet almal dat hierdie ondermyning tot 'n groot mate tewyte is aan die opruiing en uitbuiting van die nie-Blanke deur gewetenlose en volksvyandelike elemente. Die stygende golf van die Kommunisme in die rigting van wêreldrewolusie en wêreldheerskappy sypel doelbewus in in die proletariaat van alle lande. Sekerlik ook hier in Suid-Afrika, waar die proletariaat oorwegend 'n ander ras — die nie-Blanke — is. Dit is 'n vanselfsprekende waarheid en diegene wat meen dat die anti-blank gevoel op niks anders as „apartheid" en ander regeringsmaatreëls gebaseer is nie, dié mense is so oppervlakkig dat ons van hul werklik nie notisie hoef te neem nie. Dit is die geestesgenote van die oorsese „Liberales" wat ten spyte van die duidelike gevaartekens uit Asië heeldag sanik om Rooi-Sjina in die V.V.O. op te neem terwyl hul onverbiddelik vir die Spanje wat die Rooi Pes in 1936 gestuit het, die deur geslote wil hou. Huss het eenmaal uitgeroep „Heilige eenvoud" maar dié mense is eenvoudig sonder om heilig te wees.

**Maar die feit dat opruiing en volksvyandelike agitators hul uiterste doen om die nie-Blanke se vertroue in ons Blankes te ondermyn en tot 'n groot mate daarin geslaag het, is geen rede om een feit oor die hoof te sien nie: nl. dat net die Blanke daardie vertroue weer kan herstel.** Die huidige Administrateur van Transvaal, dr. Nicol, het 'n woord gespreek wat ek elke verantwoordelike man en vrou in Suid-Afrika graag op die pad mee wil gee: hy het gesê dat elke blanke wat die vertroue en respek van een naturel in Suid-Afrika gewen het, dié is 'n bate vir ons land.

**Laat ons die oë vir gewetenlose opruiing nie sluit nie . . . sluit liewer die Soviet se Generaalkonsulaat in Pretoria . . . maar laat ons as verantwoordelike en bo alles, as eerbare mense ook die hand in eie boesem steek. En laat ons in alle erns besef dat die nie-Blanke saam met ons 'n rol in Suid-Afrika het en dat dit eenvoudig buite kwessie is om 'n gesonde staat in Suid-Afrika op te bou as die etterende sweer wat vinnig ontwikkel in die verhouding tussen ons en hul nie verwyder of tenminste versag word. Geen gesonde staat kan daarop opgebou word nie . . . ook geen Republikeinse staat nie.**

### REPUBLIEK NIE PARTYSAAK

Voor ek afsluit, laat my een m.i. baie kardinale punt noem in verband met die Republikeinse Gedagte en die nastrewing daarvan. Ons sien hoe die partyleiers aan die nasionale kant, nie net vandag nie, maar ook in die verlede telkemale weer minder sterk moes word oor die Republiek, hoe nader hul aan die regering gekom het. En in die regering het dit nog swakker geword. Nie net vandag nie dog ook in die verlede.

Ons verstaan dit en ons weet dat dit keer op keer so sal wees. Vir die eenvoudige rede dat 'n regering baie ander verantwoordelikhede teenoor die volk moet dra as net die Republikeinse gedagte. Praktiese en daaglikse „brood-en-botter"-kwessies. En soos u gesien het lui die Konstitusie van die Afrikanerparty dat:

> „hierdie konstitusionele verandering (die totstandkoming van 'n Republiek) tot stand kan kom alleen ingevolge 'n spesiale en besliste opdrag daartoe van die stemgeregtigde blanke bevolking en nie bloot as gevolg van 'n parlementêre meerderheid wat by 'n gewone verkiesing verkry mag word nie."

Ook het die Eerste Minister die versekering gegee dat sy party 'n gewone verkiesingsmeerderheid nie as 'n mandaat om 'n Republiek uit te roep, sal beskou nie. Daar moet eers 'n volkstemming wees wat dit duidelik eis. Ek mag sê dat ek dink hierdie is 'n verstandige stap en ek onderskryf dit.

**Maar al hierdie dinge, geagte Brandwagte, kom eintlik hierop neer: dat die Republikeinse Gedagte nie 'n partykwessie is nie en buitekant die partypolitiek opgelos moet word.**

**Hoe republikeinsgesind 'n party ook mag wees, hy moet erken dat die uiteindelike stap buitekant die party moet geskied . . . soos bywyse van 'n Volkstemming. Dikwels bring die Republikeinse Gedagte die partyleiers in die verleentheid . . . dit is vandag onteenseglik die geval; vandaar die verwateringspogings . . . en dikwels is die Republikeinse Gedagte gekompromitteer deur die partye.**

### REPUBLIEK KRY NUWE DRAER

Maar in die Tweede Wêreldoorlog het die Republikeinse Gedagte 'n ander draer gevind wat nie 'n party is nie en nie partyverantwoordelikhede dra nie. Wat geen ander aardse trou ken nie as die Suid-Afrikaanse Republiek en wat daardeur deur die vyand uitgesoek was as die faktor wat die swaarste met Noodregulasies en wat dies meer sy bestry moet word en wat sy lede sien sleep het van een tronksel na die ander en van die een kamp se doringdraad na die ander . . . om een rede en een rede alleen . . . sy onvervulde en onwrikbare Republikanisme!

**Wat hierdie Beweging doen is nie die skuld van enige party of sy leiers nie; en wat die partye doen kan nie gebruik word om die stryd van die OB te kompromiteer nie. Daarom dat ons vandag hier so reguit kan praat. Daardeur het die eeulange stryd van die Republikeinse Afrikaner 'n draer gevind wat gebruik kan word waar dit kan dien; en waar ander dinge op die spel is kan hy gebruik maak van die bestaande partystelsel.**

Die van ons wat lede van 'n party is sal in daardie party ons partypligte na ons beste vermoë nakom en steeds binne die raam van die party se konstitusie bly . . . **tensy, natuurlik, die party anti-republikeins is, in welk geval ons nie daarby sal aansluit nie.**

**Ons erken die noodsaaklikheid in die huidige stelsel van aktiewe optrede van die volksgenote in die partypolitiek; ons erken die bestaande nasionaalgeoriënteerde partye as waardevolle en onmisbare wapens van ons volk in die stryd; ons erken dat hulle ook dringende sake het om aan te pak, afgesien van hul republikeinse doelstelling en ons respekteer hul goeie trou teenoor die republikeinse gedagte al is hulle met die ander dinge besig.**

Tegelykertyd weet ons en het hul self te kenne gegee dat die daarstelling van die Republiek 'n volksaak is wat deur 'n spesiale volkstemming aangevoer moet word en ons weet dat geen party as partysaak die resultaat kan behaal sonder om homself aan ander gevare bloot te stel. Kortom, die Republikeinse vraagstuk is iets wat bokant en buitekant die partypolitiek ook staan, sowel as daarbinne.

**En hy het ook 'n draer buitekant die partypolitiek gevind, sowel as daarbinne. En ons vra niks meer nie as om met die ander republikeine saam te werk nie. Maar saamwerk of alleen werk . . . ons gaan werk; daartoe het die afgelope oorlogsjare ons geregtig en verplig.**

### EEN KOERS

Maar terwyl ons getrou bly aan die lang reeks offers wat strek vanaf die begin van die laaste eeu . . . vanaf die geboorte van die Afrikanervolk . . . tot op die eensame en angsvolle verlatenheid van die selle van Pretoria Sentrale Gevangenis in die jongste verlede.

Terwyl ons besef dat daar geen ander staatsvorm is wat in hierdie land inheems is of wat pas by die aard van sy bevolking . . . geen ander staatsvorm is wat vir elke Blanke, of hy nou sedert die dae van die eerste volksplanting hier wortel geskiet het en of hy in die jare wat kom sy eerste verskyning in Suid-Afrika maak, dit nie net moontlik maak om net een lojaliteit te hê nie maar 'n staatsvorm is wat by voorbaat enige ander lojaliteit — hoe verbloemd en vermomd ook al — uitsluit . .

Terwyl ons dit en baie meer in die rekening neem, **laat ons altyd voor oë hou dat in alle wisselende omstandighede van geslag tot geslag en van dag tot dag daar een koersgewende rigting in ons volk se siel sluimer wat nooit verloën of verwater mag word nie en hoe meer mens in dae van storm aan daardie anker vasgeklou het, deste minder durf mens in dae van mooiweer die anker oorboord gooi. Want die storm kom weer — en sonder die Republikeinse anker is die nasionale Afrikaner 'n dobberende opdrifsel in die stroom van gebeurtenisse.**

En as die Ossewabrandwag 'n skakel in daardie ankerketting bly dan bly hy getrou tegelyk aan sy ware roeping en aan die toekomstige roeping van hierdie volk.




Om te vertrek en te weet dat alles van die eerste tot die laaste vir u gerief gereël en agtermekaar is—dit is inderwaarheid 'n genot wanneer 'n mens op reis gaan. En dit is nou presies waarvoor die S.A.S.-toeristeburo bestaan.

Kaartjies, plekbesprekings vir land-, see- of lugreise, hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg—dit word alles vir u gereël as u dit aan die Buro oorlaat. Indien u per Springbokdiens reis en u deur middel van die Toeristeburo u plek bespreek, dan sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

Een kantoor om te besoek, een betaling om te maak en u is gereed vir 'n aangename reis.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

**S·A·S TOERISTEBURO**

